

PUT, FONTEIN, GAT OF WAT? B'R IN DIE MASSORETIESE TEKS

E.J. Smit

Departement Bybelkunde, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom 2520, Republiek van Suid-Afrika.

H.F. van Rooy

Departement Klassieke en Semities, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom 2520, Republiek van Suid-Afrika.

Well, spring, pit or whatever? b'r in the Masoretic text. *The Hebrew noun b'r is often in translations of the Bible translated with "well", although other translation equivalents, like "spring" and "pit", are also used in some instances. The treatment of the word in a number of dictionaries for Biblical Hebrew is discussed (Koehler and Baumgartner, Brown, Driver and Briggs and the Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament). Five meanings of the word is defined. The word is used for constructions made by man, and the following meanings are distinguished: a construction related to the exploitation of metals and minerals ("loam-pit"), a construction for the storage of spring water ("well"), a construction for getting access to subterranean water ("well"), a subterranean construction for the storage of rain water or grain ("cistern), and a construction for burial ("grave").*

Die Hebreuse naamwoord b'r word gewoonlik in Bybelvertalings met "put" vertaal. Ander vertalingsekwivalente, soos "fontein" en "gat" word ook soms gebruik. Na 'n bespreking van die wyse waarop die woord in 'n aantal woordeboeke vir Bybelse Hebreeus hanteer word (Koehler en Baumgartner, Brown, Driver en Briggs en die Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament), word vyf betekenisse van die woord gedefinieer. Die woord word gebruik vir konstruksies deur die mens vervaardig, en die volgende moontlikhede word onderskei: 'n konstruksie wat verband hou met die ontginning van metale en minerale ("asfaltgat"), 'n konstruksie vir die opgaar van water uit 'n fontein ("put"), 'n konstruksie om toegang te verkry tot ondergrondse water ("put"), 'n ondergrondse konstruksie vir die opgaar van reënwater of die berging van graan ("wateropgaartenk, graansilo"), en 'n konstruksie vir die begrafnis van 'n liggaam ("graf").

1. INLEIDING

Die belang van 'n goeie leksikografiese en semantiese basis vir Bybelvertaling kan nie betwyfel word nie (Louw, 1985: 81). Dit is ook duidelik dat daar tans nie 'n woordeboek vir Bybelse Hebreeus bestaan wat voldoen aan die vereistes van Bybelvertalers nie (Van Wyk, 1985: 95). In hierdie artikel word gepoog om in aansluiting by die benadering en metodologie van die woordeboek van Louw en Nida (1989) 'n bydrae te lewer tot die diskussie oor die behoefte aan 'n nuwe woordeboek vir Bybelse Hebreeus wat voldoen aan die vereistes wat Bybelvertalers sou kon stel. Vir die metodologie en basiese beginsels, vergelyk Louw en Nida (1989: xvi-xx).

In hierdie artikel word die bespreking verbind aan 'n semantiese uiteensetting van die betekenismoontlikhede van die Hebreuse woord *b'r*, wat gewoonlik met "put" vertaal word. Daar sal eers aandag gegee word aan die hantering van die woord in drie woordeboeke wat algemeen in die studie van Bybelse Hebreeus gebruik word. Daarna sal verskillende betekenismoontlikhede van die woord bespreek word in aansluiting by die beginsels van Louw en Nida (1989).

2. B'R IN BYBELSE HEBREEUSE WOORDEBOEKE

Die woordeboeke waarvan die inskrywings nagegaan word, is dié van Brown, Driver en Briggs (1974) en Koehler en Baumgartner (1967), asook Heintz (1971) se bespreking van die woord in *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament*.

Brown, Driver en Briggs (1974:91) se inskrywing onderskei twee betekenisse:

1. "a well, often as made by digging";
2. 'pit (=bwr); pits of bitumen".

Ten opsigte van betekenis 1 dui hulle aan dat die opening van die put aangedui kan word as *py b'r*, en dat die woord *b'r* in Hooglied 4:15 figuurlik gebruik word vir "fresh delights of a woman beloved". Ten opsigte van betekenis 2 wys hulle ook op die gebruik van die woord vir 'n grafkuil in Psalm 55:24 (*b'r šr̄t*), asook op die figuurlike gebruik van die woord in Spreuke 23:27 vir 'n vreemde vrou (*b'r šrh*). Wat *py b'r* betref, was dit gebruiklik om die opening van 'n put met 'n groot klip toe te maak (Dalman, 1964c: 272).

Koehler en Baumgartner (1967:102) onderskei nie verskillende betekenismoontlikhede nie, maar gee slegs twee glosse: "Wasserstelle, Grundwasserbrunnen". In hulle verdere bespreking word daar na nog 'n paar moontlikhede verwys, veral ten opsigte van verbindings waarin die woord voorkom. Vir *b'r mym* gee hulle die glos "wasserführende Brunnen" en vir *b'r mym hym*

"Brunnen mit frischem Wasser". Dalman (1964c: 122) wys daarop dat die uitdrukking *mym hym* gebruik word om water uit 'n bron aan te dui in onderskeid van reënwater wat in 'n wateropgaartenk opgegaan word. Koehler en Baumgartner (1967:102) meen dat die woord *b'r* in 2 Samuel 17:18 en 21 dui op 'n "Getreidespeicher" en dat die verbinding waarin dit in Psalm 69:16 voorkom dui op die "Unterwelt". Die verbinding *b'rt hmr* dui op "Asphaltgruben". Die probleem met hierdie uiteensetting is dat die twee glosse aan die begin dui op 'n eenvormige betekenis vir die woord, en tog is "Wasserstelle" en "Grundwasserbrunnen" nie sinonieme nie. Verder word daar onder die voorbeelde nuwe vertalingsekwivalente genoem, soos "die onderwêreld" en 'n "graansilo", wat nie met die aanvanklike twee glosse ooreenstem nie.

Heintz (1971:500) probeer om in die omskrywing van die betekenis van die woord *b'r* dit te onderskei van 'n fontein. Die onderskeid is daarin geleë dat by 'n fontein die grondwater op natuurlike wyse tevoorskyn kom, maar dat 'n *b'r* 'n "Vorrichtung" is waardeur die grondwater met tegniese middele beskikbaar gestel word. Hierdie onderskeid maak sin, maar Heintz gee nie voldoende aandag aan die gevalle waar die woord *b'r* dalk nie op 'n put dui nie. Hy bespreek "putte" as betekenis, maar die ander betekenismoontlikhede van die woord kry nie aandag nie.

Dalman (1964a: 70) wys daarop dat putte onderskei moet word van wateropgaartenke. Laasgenoemde is gebruik om die water van die winterreën op te vang met die oog op die droë seisoene daarna. Dit kon binne of langs huise wees, in 'n tuin en ook in die oop veld. Dalman meen dat die woord *b'r* ook op wateropgaartenke kan dui (1964b: 526). Terwyl 'n put normaalweg silindervormig was, was 'n wateropgaartenk normaalweg flesvormig (Dalman, 1964: 526).

In 'n poging om die betekenis van 'n woord na te speur, is dit natuurlik belangrik om goed onderskeid te maak tussen woorde met naasgeleë betekenis, soos in hierdie geval "put", "gat" en "fontein". In die 1933/53- en 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans (verder OAV en NAV) word die woord *b'r* nie oral met dieselfde woord vertaal nie. In die meeste gevalle het albei die vertalings "put". Ander woorde word egter ook as vertalings-ekwivalente gebruik. In Genesis 14:10 het OAV "gat" en NAV "asfaltgat" vir die Hebreeuse *b'rw't hmr*. In Psalm 55:24 het NAV "graf" en die New International Version (NIV) "pit" vir *b'r šht*. In Genesis 16:14,24:11 en 20 en Spreuke 5:15 het NAV "fontein". In Genesis 21:25 het NAV "waterput". In Psalm 69:16 het OAV en NAV "put", maar NIV het "pit".

Ter wille van die verdere bespreking is dit belangrik om te bepaal wat met elk van hierdie vertalingsekwivalente bedoel sou kon word. Die woorde wat gebruik word as vertalingsekwivalente is "put" ("well"), "fontein" ("spring" of "fountain"), "kuil" ("pit") en "wateropgaartenk" ("cistern").

'n Omskrywing van die betekenis van 'n woord is soms kort (en dan dikwels onvolledig) en soms baie algemeen. Kort omskrywings word in die HAT aangetref. Die HAT se omskrywing van "fontein" is soos volg: "'n Plek waar grondwater vanself op die oppervlak uitloop" (HAT, 1981:227). 'n "Put" word omskryf as "'n geboorde of gegraafde kokervormige gat in die grond waarin water opwel of waarin water opgevang word" (HAT, 1981:869). Sulke kort definisies lei tot vroeë en in hierdie geval kan 'n mens vroeë of die definisie van 'n put met sy twee moontlikhede nie op twee verskillende dinge dui nie: 'n put, waarin water opwel, en 'n wateropgaartenk (cistern), waarin water geberg word.

In die Oxford English Dictionary word breër en meer onderskeidende definisies aangetref. Hier word net na die dele van definisies verwys wat vir die bespreking van *b'r* nodig is:

"Fountain": "A spring or source of water issuing from the ground and collected in a basin, natural or artificial" (OED, 1978 IV: 495).

"Spring": 1. "The place of rising or issuing from the ground, the source or head of a well, stream or river". 2. "A flow of water rising or issuing naturally out of the earth, a similar flow obtained by boring or other artificial means" (OED, 1978 VI: 688).

"Well": 1. "A structure erected above a spring for convenience in obtaining the water". 2. "A pit dug in the ground to obtain a supply of spring water; spec. a vertical excavation, usually circular in form and lined with masonry, sunk to such a depth as to penetrate a water-bearing stratum" (OED, 1978 XII: 278).

"Cistern": "An artificial reservoir for the storage of water" (OED, 1978 II: 440).

"Pit": 1. "A hole or cavity in the ground, formed either by digging or by some natural process". 2. "A hole dug in the ground for a dead body; a grave". 3. "The abode of evil spirits and lost souls; hell, or some part of it, conceived as a sunken place, or as a dungeon or place of confinement" (OED, 1978 VII: 909).

Die definisies hierbo is tipies van dit wat in konvensionele woordeboeke aangetref word. In 'n woordeboek wat van semantiese domeine uitgaan, word die inskrywings egter op 'n ander basis georden en sal verskillende betekenis van 'n woord aangetref word in die semantiese domein waar dit van toepassing is. Van die inskrywings wat hierbo aangetref word, sal byvoorbeeld in Louw en Nida (1989) in verskillende domeine aangetref word. 'n Hele paar van die inskrywings sou verskyn het in hulle eerste domein, "Geografiese voorwerpe en kenmerke". In hulle inskrywing 1.78 (1989:15) word die Griekse woord *pēgē* in sy eerste betekenis aangetref en soos volg omskryf: "a source of water flowing onto the surface or into a pool somewhat below ground level -

'spring'. Hierdie betekenis van die woord word onderskei van die tweede betekenis van die woord, wat op 'n put kan dui.

Die tweede betekenis van die woord word in hulle sewende domein, "Konstruksies", aangetref. Hieronder word 'n subdomein onderskei vir konstruksies wat water berg. In hulle inskrywing 7.57 (1987:90) word die tweede betekenis van die woord *pēgē* asook die eerste van die woord *frear* aangetref en soos volg omskryf: "deep constructions, often walled with stone, at the bottom of which was a pool of water - 'well'". Water sou uit 'n fontein in so 'n put kon vloei om daar geberg te word.

Die tweede betekenis van *frear* word weer in die eerste domein aangetref, by inskrywing 1.58 (Louw en Nida, 1989:53): "a relatively deep pit or shaft in the ground - 'deep pit'".

Uit hierdie uiteensetting van Louw en Nida se gegewens is dit duidelik dat hulle onderskeidings in meer besonderhede en meer presies gedoen word as in meer konvensionele woordeboeke. Konvensionele woordeboeke maak veral van glosse gebruik om die betekenis van 'n woord aan te dui, terwyl in die benadering wat Louw en Nida gebruik het, hulle die verskillende betekenis van 'n woord definieer. Die opeenstapeling van glosse is eerder verwarrend as ophelderend, terwyl definisies die betekenis duideliker afbaken (vg. Louw en Nida, 1989: viii-ix).

3. B'R SE BETEKENISSE VOLGENS SEMANTIESE DOMEINE

Die verskillende betekenis van *b'r* word gedefinieer en omskryf soos wat dit in 'n woordeboek wat van semantiese domeine uitgaan weergegee sou word. By elke inskrywing word eers 'n aanduiding gegee van die semantiese domein en subdomein waar van toepassing, daarna 'n definisie, 'n vertaalekwivalent in Afrikaans en Engels en verwysings na plekke in die Ou Testament waar die betrokke betekenis voorkom. Hierdie woordeboekinskravings word dan gemotiveer aan die hand van 'n bespreking van verteenwoordigende voorbeelde.

b'r^a: **Konstruksies**, konstruksie wat verband hou met die ontginning van metale en minerale: gat wat ontstaan het as gevolg van die ontginning van asfalt - "asfaltgat, loam pit" (Genesis 14:10).

b'r^b: **Konstruksies**, konstruksie vir opgaar van water: 'n diep konstruksie, dikwels uitgevoer met klip, waarin water van 'n fontein opgevang is - 'put, well' (Genesis 16:7, 14; 24:11, 20; Spreuke 5:15; Hooglied 4:15).

b'r^c: **Konstruksies**, konstruksie vir opgaar van water: 'n diep konstruksie, uitgevoer met klip, om toegang te kry tot ondergrondse water - 'put, well'

(Genesis 21:19, 25, 30; 26:15, 18, 19, 20, 21, 22, 32; 29:2 (3x), 3 (2x), 8, 10; Eksodus 2:15; Numeri 20:17; 21:17, 18, 22; Spreuke 23:27).

b'r^d: **Konstruksies**, konstruksie vir die berging van water of voedsel: ondergrondse konstruksie vir die opgaar van reënwater of die berging van graan - 'wateropgaartenk, graansilo, cistern, silo' (2 Samuel 17:18, 19, 21).

b'r^e: **Konstruksies**, konstruksie vir begrafnis: 'n gat in die grond vir die begrafnis van 'n liggaam - 'graf' (Psalm 69:16).

Van hierdie verskillende betekenisemoontlikhede kom *b'r^a* net in Genesis 14:10 voor. Die verbinding aan asfalt en die feit dat mense in die *b'rwt* geval het, bied genoeg ondersteuning aan die definisie.

b'r^b word soms gebruik in kontekste waar daar ook van fonteine gepraat word. In Genesis 16:14 word verwys na 'n *b'r* wat 'n besondere naam ontvang het. In vers 7 word dit egter 'n *cyn* (fontein) genoem. Dit dui (waarskynlik) daarop dat daar by hierdie fontein 'n konstruksie was wat fonteinwater makliker bekombaar moes maak. Dieselfde parallel kom voor in Genesis 24:11 (*b'r*) en 13 (*cyn*) en in Hooglied 4:15 (*b'r* en *mcyn*).

b'r^c is die mees algemene betekenis van die woord. Die verbinding van 'n *b'r* aan die handeling van grawe (byvoorbeeld in Genesis 16:15, 18, 19 en 21) onderskryf die definisie dat die woord dikwels dui op 'n konstruksie wat gebruik word om ondergrondse water te herwin.

b'r^d kom net in 2 Samuel 17 voor. Die feit dat die konstruksie in die voorhof van die huis was, dat die opening bo nie opgebou was nie en dat dit met 'n doek met graankorrels op bedek kon word, dui daarop dat dit nie 'n gewone put was nie. Aangesien die vrou daar met graan gewerk het, is dit moontlik dat die woord verwys na 'n ondergrondse graansilo, alhoewel dit ook op 'n wateropgaartenk vir reënwater kan dui.

b'r^e kom net in Psalm 55:24 en 69:16 voor. Veral in Psalm 55:24, in die verbinding met *šht*, is dit duidelik dat dit dui op 'n graf as die plek waar 'n mens se liggaam ontbind.

SAMEVATTING

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat dit nodig is om die verskillende betekenis van *b'r* duideliker te definieer as wat in die huidige Hebraëuse woordeboeke gedoen is. Al die betekenis van die woord het wel met konstruksies wat deur 'n mens gemaak word, te doen. Uit die verskillende kontekste waarin die woord gebruik word, blyk dit egter dat die funksionaliteit van die verskillende konstruksies kan verskil, wat dit noodsaaklik maak om die verskillende semantiese velde noukeuriger na te gaan. Dit kan gevolglik

ook lei tot verskillende vertalingekwivalente in die ontvangertaal. Die mees algemene is 'n put vir die verkryging van onderaardse water, maar die ander betekenis moet steeds as moontlikhede in gedagte gehou word.

SUMMARY

Well, spring, pit or whatever? b'r in the Masoretic text. The Hebrew noun *b'r* is often in translations of the Bible translated with "well", although other translation equivalents, like "spring" and "pit", are also used in some instances. The treatment of the word in a number of dictionaries for Biblical Hebrew is discussed (Koehler and Baumgartner, Brown, Driver and Briggs and the *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament*). Brown, Driver and Briggs have two glosses - "well" and "pits of bitumen". Koehler and Baumgartner has "Wasserstelle, Grundwasserbrunnen". Heintz (*TWAT*) distinguishes a well from a cistern. This is indeed an important distinction. A well must also be distinguished from a spring. The word "spring" in this context refers to a flow of water issuing naturally out of the earth, a "cistern" is an artificial reservoir for the storage of water, and a "well" is a pit dug in the ground to obtain a supply of fresh water. After examining all the instances of the word *b'r* in the Old Testament, five meanings of the word are defined and translation equivalents suggested. This is done in accordance with the methodology of Louw and Nida in their *Greek-English lexicon of the New Testament based on Semantic domains*. The word is used for constructions made by man, and the following meanings are distinguished: a construction related to the exploitation of metals and minerals ("loam-pit"), a construction for the storage of spring water ("well"), a construction for getting access to subterranean water ("well"), a subterranean construction for the storage of rain water or grain ("cistern"), and a construction for burial ("grave"). The need for more precise definitions of the different meanings of the word *b'r* is demonstrated. In all instances in the Old Testament the word *b'r* refers to constructions made by humans, and this must be kept in mind when choosing equivalents in translating the Bible.

VERWYSINGS

- Brown, F., Driver, S.R. & Briggs, C.A. 1974. *A Hebrew and English lexicon of the Old Testament*. Oxford: Clarendon.
- Bible. 1988. *New International Version disciple's study Bible* (NIV). Nashville: Holman Bible publishers.
- Bybel. 1976. *Die Bybel: Ou Afrikaanse vertaling* (OAV). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Bybel. 1983. *Die Bybel: Nuwe Afrikaanse vertaling* (NAV). Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Dalman, G. 1964a. *Arbeit und Sitte in Palästina I/1*. Hildesheim: Georg Olms.
- Dalman, G. 1964b. *Arbeit und Sitte in Palästina I/2*. Hildesheim: Georg Olms.
- Dalman, G. 1964c. *Arbeit und Sitte in Palästina VI*. Hildesheim: Georg Olms.
- HAT
- Kyk
- Odendal, F.F., (red.).
- Heintz, J.-G. 1971. *b'r*. Botterweck, G.J & Ringgren, H. (Hrsg.). *Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament I*. Stuttgart: Kohlhammer.
- Koehler, L. & Baumgartner, W. 1967. *Hebräisches und aramäisches lexikon zum Alten Testament I*. 3. Auflage. Leiden: Brill.
- Louw, J.P. & Nida, E.A. (eds.). 1989. *Greek-English lexicon of the New Testament based on Semantic domains I*. Cape Town: Bible Society.
- Louw, J.P. 1985. *What dictionaries are like*. Louw, J.P. (ed.). *Lexicography and translation*. Cape Town: Bible society.
- NAV
- Kyk
- Bybel. 1983.

NIV

Kyk

Bible. 1988.

Odendal, F.F. (red.). 1981. *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Johannesburg: Perskor.

OAV

Kyk

Bybel. 1976.

OED

Kyk

Oxford English Dictionary.

Oxford English Dictionary. 1978. 12 vols. Oxford: Clarendon.

Van Wyk, W.C. 1985. *The present state of OT lexicography*. Louw, J.P. (ed.). *Lexicography and translation*. Cape Town: Bible society.